PAASFEES

DINK KONINKLIK

Paasfees is 'n tyd vir familie, goeie vriende en intieme oomblikke - 'n feesviering met naastes en geliefdes in 'n bekende omgewing, wat nie net oor sosiale interaksie gaan nie, maar oor dit wat werklik in die lewe saak maak: fantastiese verhoudings.

Juis hiermee in gedagte raak die Aleit Group nostalgies oor gelowe en het weer eens tradisie opnuut herskep.

Vir Paasfees vanjaar het ons 'n tradisionele, dog tydlose benadering tot hierdie geleentheid. 'n Onpretensieus gedekte tafel met 'n oppervlak van gruis wat omring is met lae hortensias in kontrasterende skakerings van blou, skep 'n skoon, maar organiese agtergrond. Die podium in die middel van die tafel is versier met 'n rangskikking van plaaseiers, 'n verskeidenheid van uie en groente alles direk uit die tuin.

Dink koninklik. Paasfees is per slot van rekening 'n feestelike gebeurtenis en nét so belangrik soos Kersfees — so moenie bang wees om jou tafel op 'n spoggerige manier te dek nie. Goue koepeesjampanjeglase is *'n moet*, gepaardgaande met goue eetgerei, vergulde lasersnit spyskaarte en persoonlike naamkaartjies. Antieke winkels in jou omgewing kan 'n skatkis van unieke vondse wees. Die sitplekke is 'n kombinasie van antieke stoele en kerkbanke met roomkleurige denimkussings op bestelling gemaak.

Wie sê blomme hoort net op die tafel? Dit het al duidelik geword dat Aleit en sy visdrade kop in een mus is, vandaar die dramatiese effek van die hortensias wat bo die toneel hang in die laning van die geskiedkundige herehuis van die Lourensford-landgoed.

Aleit se filosofie is "hou dit eenvoudig" en moenie die voorkoms oor-analiseer nie. Elke enkele geleentheid het 'n tema en daardie tema dien as jou hoof motivering. Dit moet die boustene word van jou en jou gaste se ervaring. Onthou altyd dat soos wat jou gaste jou gasvryheid geniet, die partytjie dalk langer kan aanhou as wat jy beplan het, so moenie bang wees om jou woonkamermeubels uit te dra nie vir die perfekte buitelugtoneel. Goud is groot hierdie seisoen en sal 'n globale tendens vir geruime tyd bly.

Met 'n onpretensieus gedekte tafel op 'n gruis oppervlak wat omring word van gelaagde hortensias (krismisblomme) in kontrasterende skakerings van blou, bly die agtergrond skoon maar organies. Die podium in die middel van die tafel is opgetooi met 'n rangskikking van plaaseiers, 'n verskeidenheid van tuisgekweekte uie en groentes direk uit die tuin.

01.

02.


03.


04.

05.

06.

01. Die nagereg-plank:
Vrugtekoek met marsepein, wortelkoek-roomys, teksture van malva, kersiepoeier, kersiejellie en sjokoladegrond.

02. Die granaat:
Die granaat is nie net 'n ongelooflik veelsydige vrug nie sy kleurkontras met die goue eetgerei dra by tot die spoggerige gevoel van die tafeluitleg. Die granaatpitte kan uitgehaal en by drankies of slaaie toegevoeg word.

03. Die knoffelhuisie:
Geroosterde knoffel is 'n fantastiese garnering by enige maaltyd en deur dit 'n strategiese plek op die tafel te gee maak dit dit nie net visueel aantreklik nie, maar ook funksioneel.

04. Goue blom:
Raak kreatief met die natuur. 'n Lekker manier om die tafeldekor op te kikker is om na die kleurspuitverf te gryp. Goud is groot hierdie seisoen en sal geruime tyd 'n globale tendens bly.

05. Eier op servet:
Aleit se filosofie is "hou dit eenvoudig" en moenie die voorkoms oor-analiseer nie. Die eier is sinoniem met Paasfees en hier word 'n versierde eier op 'n antieke linneservet by elke sitplek geplaas.

06. Lasersnit-spyskaarte:
Paasfees is per slot van sake 'n feestelike affêre en nét so belangrik soos Kersfees — so moenie bang wees om jou tafels op 'n flambojante manier te dek nie. Goue koepee-sjampanjeglase is *'n moet*, gepaardgaande met goue eetgerei, vergulde lasersnit-spyskaarte en persoonlike naamkaartjies.